

JEUGLES: Bou die Bybel

1. Praise and Worship

2. INSTRUKSIES VIR DIE AAND:

- Ons fokus hierdie kwartaal is Bybelkennis.
- Dis egter moeilik om dit vas te lê op dieselfde manier as die kleintjies, so ons gaan baie kreatief raak die kwartaal.
- Vanaand gaan ons na **6 Bybeldele** kyk.
- By elke Bybeldeel is daar 'n aktiwiteit wat julle die leidraad gee oor WIE die deel gaan, bv. 'n puzzel, emoji's of 'n raaisel. **Die Bybel aktiwiteit kry julle by my in die kerk.**
- As die kinders reg geraai het oor WIE die Bybeldeel gaan, dan gaan hulle saal toe waar hulle 'n boks kry.
- **Binne die boks is die volgende:** 'n paar vrae rondom die Bybeldeel met teksverse, wat julle eerste doen.
- Wanneer julle die vrae klaar beantwoord het is daar 'n **Uitdaging by elke deel** om dit bietjie pret te maak, wat julle ook in die kerk doen.
- **Wanneer julle daarmee klaar is kom haal julle die volgende aktiwiteit by my,** daarna saal toe vir die volgende boks.
- Julle moet op die einde van die aand 6 aktiwiteite by my gekry het, en 6 bokse in die saal met die vrae en uitdaging in. Maak asb seker dat julle hierdie in die regte volgorde doen, anders gaan julle van die belangrike inligting mis!

3. BYBELDELE:

3.1 Toring van Babel

- **Aktiwiteit:** ek gaan vir julle 'n puzzel gee, julle moet dit aanmekaar sit, en die kinders moet probeer raai watter Bybeldeel dit is.
- **Vrae:** Genesis 11:1-9
- **Uitdaging:** Kry LEGO blokkies en bou 'n toring.

3.2 Jakob se droom met die leer

- **Akiwiteit:** Brainteaser
- **Vrae:** Genesis 28:10-17

- **Uitdaging**: Kry stukkies en tou en probeer 'n leer daaruit maak

3.3 Abraham moet vir Isak gaan offer

- **Aktiwiteit**: Emoji
- **Vrae**: Genesis 22:1-14
- **Uitdaging**: Kyk of kinders hout kan pak vir 'n vuur

3.4 Gideon

- **Aktiwiteit**: Raaisel
- **Vrae**: Rigters 2:1-15
- **Uitdaging**: Maak 'n kruik en 'n fakkel uit klei uit

3.5 Petrus wat visvang vir tempelbelasting

- **Aktiwiteit**: Emoji
- **Vrae**: Matteus 17:24-17
- **Uitdaging**: Vang die vis met die munt

3.6 Jerigo se mure

- **Aktiwiteit**: 'n Wiskunde som
- **Vrae**: Josua 6:1-23
- **Uitdaging**: maak 'n ramshoring uit 'n handdoek papier rol.

4. Sluit af met gebed en deel selfone uit.